# Cachet-biljet

CACHET
GEREFORMEERDE KERK

*2 Mei 2021*



**www.gkcachet.org.za**

| **Afrikaanse Eredienste** | **English Worship Service** |
|---|---|
| Sondae 09:30 en 18:00<br>In die Gemeentesentrum (GS) op<br>NWU Kampus, Hoffmanstraat 28 | Sundays 10:45<br>In the Church House on the<br>NWU Campus, 28 Hoffman Street |
| **Kerkkantoor**<br>Dinsdae en Vrydae 08:30-12:00<br>Lulu Coetsee – 018 294 4894;<br>079 4949 7360 | **Predikant**<br>Ds Brahm Robinson – 064 656 1374;<br>brahmrobinson@gmail.com |

## Kontakpersone & Inligting

**Hulppredikante:**
Prof. (Oom) Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

**Pastorale berader:**
Dr. Frans Minnie – 082 787 4583

**Diakonie (vir koskas, nood en skenkings):**
Nardus Buys – 076 413 7273
nardusbuys14@gmail.com

**Susters:**
Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com

**Jubila-voorsitter:**
Estmia van der Walt – 078 625 7400
estmia.hm@gmail.com

**Koster en Powerpoints:**
Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

**Stuur enige inligting vir die *Cachetbiljet* na:**
Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

**Vervoer na eredienste en kerkaksies:**
Zard Aucamp – 061 638 5247

**Bankbesonderhede:**
Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 632005
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: wyk, voorletters en van

**Erediens preke en oordenkings:**
http://gkcachet.org.za/preke/

**Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne:**
https://npwepener.wixsite.com/website

# Oggenddiens

## Ds Brahm Robinson

**Skriflesing: Numeri 21:1-9**

**Tema: Christus hang met ons sonde aan die kruis sodat ons in Hom vrygespreek kan word**

# Aanddiens

## Prof Albert Coetsee

**Skriflesing: Markus 10:17-31**

**Belydenis: HK Sondag 24, V&A 63**

**Tema: Verootmoediging vra selfverloëning ...**



# Preekskets (Aanddiens)

Markus 10 is 'n wonderlike Skrifgedeelte oor goeie werke, verootmoediging en selfverloëning. Hier openbaar die Here:

**Ons moet onsself verloën om die ewige lewe te verkry**

- Die ryk jongman sal enige iets doen om die ewige lewe te verkry.
- Jesus wys vir hom: hy moet homself verloën.
- Hy sal toe nie enige iets doen om die ewige lewe te verkry nie.

Is jy bereid om jouself te verloën? Is jy bereid om jou besittings en sekuriteit op te gee sodat Christus jou besitting en sekuriteit kan word?

**Menslik is dit onmoontlik om die ewige lewe te verkry**

- Dit is moeilik vir rykes is om in die koninkryk van God te kom.
- Trouens, dit is moeilik vir mense in die algemeen.
- Slegs God kan doen wat vir mense onmoontlik is.

Verlossing is nie iets wat ons deur ons eie inspanning kan verkry nie. Ons is volkome afhanklik van God. Maar die wonderlike is: God kan en wil ons red! Hy red ons deur Christus (vgl. Heb 7:25). Al wat ek en jy moet doen, is om Hom in die geloof te omhels deur onsself te verloën.

**God beloon ons selfverloëning in hierdie bedeling en die bedeling wat kom**

Christus belowe honderdvoudig soveel terug vir elkeen wat t.w.v. Hom en die evangelie baie verloor. So persoon word deel van 'n wêreldwye, Christelike familie, en sy toekomstige beloning is die ewige lewe. Maar hierdie beloning kry ons nie uit verdienste nie, maar slegs uit genade; dit is 'n genadeloon (vgl. HK Sondag 24 V&A 63).




## ***Lief en Leed:***



† **Clariska en Juanet Venter se Ouma is verlede Sondag oorlede. Ons dink aan julle en die familie in hierdie tyd. (Ps. 73:26)**



## **Liefdegawes:**

**Elektroniese betalings van kollektes en bydraes:**

<table>
<tr><th colspan="2">Vir die werk van die diakonie:</th></tr>
<tr><td rowspan="2">Snapscan vir die eerste kollekte:<br>SnapScan<br>PXMP46287<br>Snap here to pay<br>https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287</td><td>Oggend 1ste kollekte:<br>Emeritaatsversorging</td></tr>
<tr><td>EFT vir kollektes:<br>ABSA Tjekrekening<br>0670280012<br>Takkode: 632005<br>Verwysing:<br>• Emeritaatsversorging<br>(deponeer elke kollekte apart)</td></tr>
<tr><th colspan="2">Vir die werk van die diakonie:</th></tr>
<tr><td rowspan="2">Snapscan vir tweede kollekte:<br>SnapScan<br>PVA181324<br>Snap here to pay<br>https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324</td><td>Aand 2de kollekte:<br>Instandhouding van die Erediens</td></tr>
<tr><td>EFT vir kollektes:<br>ABSA Tjekrekening<br>0670280012<br>Takkode: 632005<br>Verwysing:<br>• Instandhouding van die Erediens<br>(deponeer elke kollekte apart)</td></tr>
</table>

| Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening: | |
|---|---|
| Snapscan vir maandelikse bydraes:<br>SnapScan<br>5kcTaV-I<br>Snap here to pay<br>https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-I | ABSA Tjekrekening<br>0670340023<br>Takkode: 335138<br>Verwysing: Naam, van en wyk |

# VERJAARSDAE:

| | | |
|---|---|---|
| **30** | **April** | **Pieter Jansen** |
| **30** | **April** | **Marilette Spoelstra** |
| **2** | **Mei** | **Janneke Yssel** |
| **4** | **Mei** | **Hendri Lange** |
| **4** | **Mei** | **Jandré Schoeman** |
| **4** | **Mei** | **Annette van Heerden** |
| **5** | **Mei** | **Rezanne Boshoff** |
| **5** | **Mei** | **Zabeth Robinson** |

*U is die God van my betroue*
*vanaf my eerste skrede*
*en jonkheids ver verlede.*
*Psalm 71:3B*



# Administratief

## 1. Attestate

**Ontvang:** Calien du Plooij vanaf *GK Wonderboompoort*

**Vertrek:** Zelneri Coetzee na *GK Kaapstad*

## 2. Beroeping van Ds Noah Kim

Die naam van Ds Noah Kim sal Sondag vir die tweede maal ter approbasie aan die gemeente voorgehou word. Die kerkraad beoog om hom te beroep met die spesiale opdrag van evangelisasie.

## 3. Ampsdraer

Cheer Motshwaiwa sal DV tydens die oggenddiens in die amp van diaken bevestig word.

## Cachet ontvang visitasie op 9 Mei

Die twee predikante wat aangewys is as visitatore vir ons gemeente is Ds Hendrik Verryn en Ds Willem Steyn. (Volg hierdie skakel vir meer inligting oor visitasie.) Indien enige lidmaat die visitatore wil spreek oor enige saak in die gemeente, kan hulle vir **Ds Hendrik Verryn** (061 334 1519) kontak.



CACHET 50 JAAR FEES
BYBELSTUDIE UITDAGING

# Jubeljaar

Ter feesviering van 50 jaar se genade uit die Here se hand in Cachet, loods ons 'n uitdaging om 'n 50-dag Bybelstudie 50 dae voor Cachet se verjaarsdagdatum te volg.

## 29 APR - 17 JUN

**TEMA:** Jubeljaar

**INHOUD:** Daaglikse skakels na oordenkings, psalms, woordstudies, sosio-historiese konsepte, artikels, potgooie, video's en praktiese vrae.

SLEGS 5-10 MIN / DAG


sustersaksie!
Dames
speletjies aand
Dinsdag 4 Mei
19:00
by die GS



Broederbraai !
BRAAI
Dinsdag 4 Mei
18:00
by Bezuidenhout 5
Bring jou eie vleisie en braaibroodjie saam


GK Cachet
Lofsangaand
ter viering van:
Hemelvaart
Donderdag
13 Mei 2021
Na die
Hemelvaartdiens
As jy wil deelneem
aan voorlesing,
koorsang ens.
Kontak: Minette
084 580 4002


Cachet
Basaar
Kom wees deel van die pret
22 Mei 2021
8:00 tot 13:00
by GK Sentraal
Teetuin
BubbleTea
Pannekoeke
Ontbyt
Boereworsrolle
Koffiekroeg
Asook kindervermaak,
springkastele
en lekker eetgoedjies
Daar sal wegneemetes ook
beskikbaar wees

IDEAAL AS GESKENK OF AANDENKING VIR ALMAL WAT POTCH LIEFHET!

# GK CACHET FONDSINSAMELING




# STORIES VAN POTCHEFSTROOM

INTERESSANT EN VERMAAKLIK - DEUR DR. LENNIE GOUWS

R350

KONTAK LIDA - 076 263 4983

# Jubeljaar Merch

Enige bestellings kan by Archelle geplaas word en kan dan betaal en afgehaal word tydens Koffiekroeg.

Dit sal ook tydens Koffiekroeg verkoop word, so kom loer gerus!




Water R10




Sleutel-houers R15

Stickers R10




Koppies R70




KAMERS TE HUUR
2021
OP KAMPUS BY GK CACHET
WATER, LIGTE, INTERNET, PARKERING
EN SKOONMAAKDIENSTE INGESLUIT
SLEGS DAMESSTUDENTE
VANAF R2700 TOT R4400 PER MAAND
PER KAMER
KAMERS IS DEELBAAR, TWEE DAMES PER KAMER
Kontak Brahm
0646561374
brahmrobinson@gmail.com




**(Sien bladsye 21-29)**

# Mukhanyo vacancies

Dear friends,

Mukhanyo Theological College is seeking several more qualified people to serve in the following positions:

**Editor** – This position requires a detail-orientated person who can professionally edit theological study guides and other literature. This person will serve from home, for an average of 24 hours per week, as part-time contractor for the material development team.

**Videographer** – This new opportunity at Mukhanyo requires a dedicated person or small company to collect recorded video material and edit it professionally according to requirements. The position will serve from home and require flexi hours based on the number of recordings to edit.

Further information about these vacancies and other advertised positions is found on the website site at https://www.mukhanyo.ac.za/vacancies.html

~ bdv

Dr Brian DeVries, Principal
Mukhanyo Theological College
www.mukhanyo.ac.za
079 933 9884

TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS
Posbus 13383 HATFIELD 0083
T: 012-362 0660 E: toibo@imaginet.co.za

HOOP

AD LUCEM

## 'n Storie van hoop – Tladi Tau
## Oudleerder Hoërskool Martie du Plessis Bloemfontein

Geagte Dominee

Hierdie maand fokus ons op die prestasie van een van ons oudleerders. Dit is 'n ware storie van hoop. Geniet dit!

Wanneer tye werklik moeilik raak, kan 'n verhaal van hoop 'n mens inspireer om te volhard. Tau Tladi, 'n finalejaar student wat vir 'n Verlengde LLB-graad ingeskryf is, het verskeie teenslae oorwin sedert hy op 'n jong ouderdom met ataksie – 'n degenerasiesiekte van die senustelsel – gediagnoseer is.

Hy leef voluit, en jaag sy droom na om eendag 'n regspraktisyn te word. Weens 'n breinbesering wat hy by geboorte opgedoen het, sukkel Tladi om te praat, skryf en loop. Op kampus gebruik hy 'n skrywer en leser om sy toetse en eksamens af te lê.

Tladi wil graag sy graadstudies in 2021 voltooi.




*When I was born, my birth was not normal like that of other children. I couldn't breathe or cry during delivery and was later diagnosed with ataxia. As time went by, my mom realised that I was not developing as I was supposed to, so she took me to the doctor. That was when she found out that I had ataxia. It resulted in improper speech, struggling to walk properly, my hands could not grab things properly because they were shaking, and I cannot even write with them.*

*My time at Martie du Plessis School was great because I experienced many things That I never thought I would be able to do, and I was inspired to go further in life despite my disability. I got support and encouragement from my teachers to push myself until I reach my goals and dreams. I won first position twice in a national competition when I participated in the Free State paracycling team. After completing my matric in 2016, I was selected as one of the top 100 achievers in the Free State. I registered with the University of the Free State for the LLB extended program in 2017 and received a golden key in 2018. I am currently busy with my fourth year.*

*The challenge that I am facing now is not being able to write with my hands. I must use the laptop to do my work, although I believe that practice makes perfect. I still take time and practise to write. I learned how to use Microsoft Office and its features so that I can submit my work.*

Tot ons weer gesels.

Vriendelike groete

*Arina Jooste*
**UITVOERENDE BEAMPTE**

# GK Cachet Kalender: Mei 2021

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 2<br>Rooipoortjie | 3 | 4<br>Sustersaksie<br>Broeder-braai | 5 | 6<br>Diakonie vergadering | 7 | 8 |
| 9<br>Rooipoortjie<br>BKV (@ 16:30) | 10<br>Ouderling vergadering (@ 18:00) | 11<br>Koffiekroeg | 12 | 13<br>Hemelvaart<br>Lofsangaand (@ 18:00) | 14 | 15 |
| 16<br>Gemeente-ete - Diakonie (@ 12:00)<br>Nagmaal | 17 | 18 | 19 | 20 | 21<br>Konings-kindersaksie (@ 13:00) | 22 |
| 23<br>Pinkster-Sondag<br>Rooipoortjie | 24 | 25<br>Koffiekroeg | 26 | 27 | 28<br>Klere- & wors-broodjies-verkoping | 29 |

| | | |
|---|---|---|
| **30**<br>**Gemeen-skaplike ere-diens**<br>**Rooipoortjie** | **31** | |



Beste Gemeente

Ontvang hiermee 'n gratis uitgawe van ***Die Slingervel***. (Volgende bladsye.)

Vir navrae stuur 'n epos na singervel@gksa.co.za


Slingervel
Maart 2021
Christelike maandblad vir die jeug




SLINGERVEL, JAARGANG 62
Nommer 1026, Maart 2021

# in hierdie uitgawe ...

3 Redakteursbrief
4 Verjaardaghoekie
8 Psalm 139 – Blokkiesraaisel
10 Gemeentes in die Nuwe Testament (6)
12 Op hierdie dag in Maart
14 Jood, Jood en Jood
16 Oplossing: Blokkiesraaisel – Psalm 139
Muskiete-jag
17 Wat kan ek lees?
19 God is die Skepper: die naaldekoker

As julle enige vrae of versoeke het, kontak my deur

- ´n sms te stuur of te whatsapp na 084 551 2107,
- of ´n e-pos te stuur na slingervel@gksa.co.za



Lees meer oor die naaldekoker op bl. 12

REDAKTEUR
Dr. Hennie van Wyk
e-pos: hennie@gksa.co.za

Tipografie en uitleg
Joey Fourie
e-pos: kerkblad@gksa.co.za

MEDEWERKERS
Maryke Coetsee
Susan Lourens
Oom Abraham Krüger
Hamus Bornman
Stephan Kotzé

Eienaars en uitgewers
Deputate vir Kerklike Tydskrifte
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Posbus 20008, Noordbrug 2522

Drukkers
V & R Drukkery
Tel. 012 333 2462
ludick@vrprinting.co.za

Intekening
Administratiewe Buro
Afdeling Publikasies
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel: 018 297 3986

Intekengeld
R405,00 per jaar
(posgeld en BTW ingesluit)
R146,00 per jaar
(elektroniese intekening)

Die Redakteur
Bydraes en briewe
Posbus 20008
Noordbrug, 2522

Jaargang 62,
Nommer 1026
Maart 2021

ISSN 0037 685 X

# Redakteursbrief



Dagsê aan die Vellie-maats

Sjoe – dinge kan darem vinnig verander! Die een dag mag ons eredienste bywoon, die volgende dag nie.

Een ding is seker: COVID-19 het ons lewens heeltemal verander. Dis nou 'n jaar ná die eerste inperkings, en steeds is dinge onseker.

Baie van julle dink dat die dra van maskers niks meer snaaks is nie. 'n Paar jaar terug het ons baie keer foto's gesien van mense in China en Japan wat maskers dra – en gedink dat dit snaaks is. Hulle het dit gedra vir lugbesoedeling. Vandag is dit snaaks as iemand nie 'n masker dra nie …

Baie jare terug, en nou praat ek van die tyd toe Jesus op aarde was, was daar al opvoerings in die teaters. Wat ook gebeur het, is dat vrouens nie toegelaat is om toneel te speel nie. Hoe nou gemaak? Elke karakter het 'n masker gedra, gewoonlik van klei gemaak. Daar was nie grimering nodig nie – jy sit net die masker op, en jy is daardie karakter.

Ons het ook 'n spreekwoord wat sê dat iemand 'n masker op het. Dit beteken dat hy of sy nie wil wys hoe hy of sy regtig voel nie.

Psalm 139:1 vertel vir ons twee baie belangrike dinge van ons verhouding met God. Hier is die 1983-vertaling: Here, U sien dwarsdeur my, U ken my. In die 1953-vertaling: HERE, U deurgrond en U ken my. En in die Direkte Vertaling: HERE, U ondersoek my en U ken my.

Dit sê vir ons dat ons soveel masker kan dra en soveel kan probeer om dinge weg te steek, maar die Here sien elke liewe dingetjie raak. Die nadeel is dat, as ek verkeerde dinge dink en doen, die Here dit weet.

Daar is ook 'n mooi kant: die Here weet presies hoe ek voel as ek onseker of bang is. Al wat ek hoef te doen, is om vir Hom te vra om te help, Hy weet presies wat en hoe om die regte ding te doen.

Vir die Here kan ek nie 'n masker opsit nie. Ek kan nie maak of ek iets of iemand anders is nie. Hy ken my. Hy wil my ken. Hy het my lief, foute en al.

Ons moet ook onthou, in die woorde van Romeine 8: Niks kan ons skei van die liefde van God in Christus Jesus nie – nie eers 'n pandemie nie.

Dit moet ons die krag en die moed gee om elke dag op te staan en te leef soos 'n kind van die Here!

Groetnis




# Psalm 139

Maats

In Psalm 139 sien ons een van die mooiste gedeeltes in die Bybel (en in die letterkunde) oor die wonder van die mens se ontstaan en geboorte. Dawid verklaar dat God teenwoordig is by die ontstaan en geboorte van die mens, omdat ons na die beeld van God geskape is, en Hy het 'n spesiale plan en doel vir elke mens wat gebore word.

**OPLOSSING OP BLADSY 16**



## LEIDRADE

### Af

1. Ek vra die Here om te kyk dat ek nie op hierdie pad is nie.
2. As ek opklim hierheen, is die Here daar!
4. Op hierdie wyse het die Here my geskep.
6. Maak nie saak waar ek is nie, hieraan hou die Here my vas.
8. Die Here het meer gedagtes as dit!
9. As ek hier gaan woon, is die Here daar!
11. Die Here weet as ek dít doen.
13. Hier het die Here my gevorm.

### Dwars

3. Die Here ken dít nog voor dit by my opkom.
5. Hy moet kyk dat die Psalm gesing word.
7. As ek hier gaan lê, is die Here daar!
10. Dit sal nie help om dit te vra om my weg te steek nie – die Here maak dit lig!
12. Die Here weet as ek dít doen.
14. Hulle moet van my af weggaan!
15. As ek hierheen vlieg, is die Here daar!
16. Hierin is my lewensdae opgeskrywe.



# Jood, Jood en Jood

Maats

Ek het die volgende via *Whatsapp* van tannie Wilna van der Merwe ontvang:

*Graag sal ons kinders en kleinkinders meer wil weet in verband met die Jode.*
*1. Jode in die ou Testament*
*2. Jode in die nuwe Testament*
*3. Jode van vandag*
*4. Joodse geloof*

Ek antwoord graag!

**Jode in die Ou Testament**
Ons lees in die grootste deel van die Ou Testament van Israel as die volk van God. Ons lees dat die Here vir Jakob die naam "Israel" gegee het. Jakob het 12 seuns gehad, en hulle het die 12 stamme van Israel geword.

Wanneer Josua die Israeliete in die land Kanaän inlei, kry elke stam sy eie grondgebied. Daar is tog iets wat belangrik is om op te let en te onthou:

- Josef se twee seuns se nageslag word twee van die stamme (Efraim en Manasse);
- Levi kry wel nie 'n landstreek nie, maar grond in elke stamgebied. Hulle moes die priesters van die volk wees, en hulle is versorg uit die tiendes wat aan die Here gegee is.

Tot en met koning Dawid was hulle onder die volke bekend as die "Israeliete". Hulle was een volk met een godsdiens. In Jerusalem het Salomo die tempel gebou, en almal het daar die Here gedien.

Elke dorp het ook sy eie sinagoge gehad – die woord wat gebruik word vir die kerkgebou wat die Here veral op die Sabbat aanbid is.

Toe Salomo koning geword het, het dit goed gegaan totdat hy ongehoorsaam geword het aan die Here. Die gevolg is dat die koninkryk verdeel is in die Noordryk en die Suidryk. In die noorde was Samaria die hoofstad en in die suide Jerusalem. Samaria was in die grondgebied van Efraim (ook die konings was Efraimiete) en Jerusalem in die landstreek van Juda/Judea.

Hier het 'n baie belangrike ding gebeur: nie net het die volk geskeur nie, die tempeldiens ook. Jerobeam wou nie hê dat sy onderdane Jerusalem toe gaan om te offer nie, en het tempels en hoogtes gebou waar hulle die Here kon dien. Dit was nie 'n opdrag van die Here nie.

Hierdie twee dele van dieselfde volk en dieselfde geloof het selfs op 'n stadium oorlog gemaak. So sien ons dat elkeen maar God op sy eie manier begin dien het, en dat die profete vir albei die groepe gepreek het.

Die prediking het veral gegaan oor die eiewilligheid van die godsdiens, dat hulle nie die Here alleen gedien het nie. So is die stamme van die noorde – bekend as die Israeliete – in 712 vC in ballingskap weggevoer en die volk oor die hele wêreld van daardie tyd versprei. Hulle het nooit teruggekeer na hulle land toe nie.

In 586 vC is die volke van die suide, bekend as die Jode of Judeërs, na Babel weggevoer. Ons weet dat die Here beloof het dat Jesus uit die stam van Juda gebore sou word. Daarom het Hy beloof dat hulle sou terugkeer uit ballingskap, terug na Jerusalem en Betlehem, wat gebeur het na 70 jaar. Nou was die volk wat teruggekeer het, bekend as Judeërs of Jode, afgelei van die grond en die stam Juda.

**Die Jode in die Nuwe Testament**

Ongeveer 520 jaar na die terugkeer van die volk (Jode) uit Babel en die herbou van die tempel is Jesus gebore.

Die land was in die tyd van Jesus in drie dele verdeel: Galilea in die noorde, Samaria in die middel en Judea in die suide. Die Jode het in Galilea en Judea gewoon, en die Samaritane in Samaria. Die Samaritane het ook vir God gedien. Daar was egter vyandskap tussen die twee groepe. Die grootste rede hiervoor was dat die Jode, met die herbou van die tempel, nie die Samaritane wou toelaat om te help nie. Die Jode het net met Jode getrou terwyl die Samaritane met mense uit ander volke getrou het.

In Jesus se tyd het die Jode nie eers eintlik in die gebied van die Samaritane gekom nie – tensy hulle nie anders kon nie. Kyk na die kaart: as hulle van Galilea af Judea toe moes gaan, het hulle eerder deur Dekapolis en Perea gereis as deur Samaria. Kyk maar hoe verbaas is die Samaritaanse vrou as Jesus met haar praat in Johannes 4:9. Let ook op dat die Jood in die gelykenis in Lukas 10 nie eers die woord "Samaritaan" wou uitspreek nie!

In die tyd van Jesus het die Romeine oor Judea regeer. Pontius Pilatus was die goewerneur. In Handelinge 2 lees ons ook van die gelowiges wat van regoor die wêreld na die tempel gekom het. As Paulus op sy sendingreise gaan, was die plekke waarheen hy gegaan het, die sinagoges. Dit was die kerkgeboue van die mense wat die Here van die Ou Testament, die God van Abraham, Isak en Jakob gedien het. Hulle geloof was dus die geloof van die Israeliete, terwyl hulle deel was van ander volke. Die "Jode" in die Nuwe Testament was dus die mense wat God gedien het, nie net in Judea nie, maar oor die hele wêreld.

**Die Jode vandag**

In die jaar 70 nC val die Romeine Jerusalem weer binne. Hoewel Pontius Pilatus in Rome gewoon het, het die Jode só teen die Romeine in opstand gekom dat daar oorlog gekom het.

Die gevolg was dat daar ander volke oor die Jode regeer het en dat hulle nie toegelaat is om oor hulleself te regeer nie. 600 jaar later het die Islam ook in Jerusalem gekom en dit as een van hulle heilige plekke verklaar.





Die land Kanaän of Israel is deur ander volke regeer tot en met 1948, toe hulle weer 'n selfstandige land en volk geword het, met die Judaïsme as hulle godsdiens. Ek gaan in 'n volgende artikel jou meer vertel van die Judaïsme.

As julle bietjie kyk na wat vandag in Israel gebeur, is dit interessant dat al die volke rondom Israel deel is van die Islam (Moslemgeloof) en hulle die Jode haat.

Tog staan die Jode sterk vir hulle geloof. Kort-kort is daar oorlog met die onder andere die Palestyne, Siriërs en Egiptenare – almal wat beswaar gemaak het dat Israel 'n onafhanklike land word.

Volgende keer: Judaïsme – die geloof van die Jode vandag. SV





# Oplossing: Blokkiesraaisel Psalm 139

## MUSKIETE-JAG ...

Jou vabond, wag, ek sal jou kry,
Van jou sal net 'n bloedkol bly
Hier op my kamermure,
Deur jou vervloekte gonsery,
Deur jou gebyt en plagery
Kon ek nie slaap vir ure.
Mag ek my voorstel, eer ons skei
Eer jy die doodslag van my kry —
My naam is Van der Merwe.
Muskiet, wees maar nie treurig nie
Wees ook nie so kieskeurig nie,
Jy moet tog één dag sterwe.
Verwekker van malaria,
Sing maar jou laaste aria —
Nog een minuut vir grasie
Al soebat jy nou nog so lang,
Al sê jy ook: ek es nie bang,
Nooit sien jy weer jou nasie ...
Hoe sedig sit hy. O, die kreng!
Sy kinders kan maar kranse breng,
Nou gaan die vabond sterwe ...
Pardoef! Dis mis! Daar gaan hy weer!
Maar dood sal hy, sowaar, ek sweer —
My naam is Van der Merwe!

*— AD Keet*



Die Afrikaanse digter AD Keet (broer van die Bybelvertaler BB Keet) is op 14 Oktober 1888, op Alice in die Oos-Kaap gebore.

Sy bekendste gedig, *Muskiete-jag*, het hy in sy losieshuiskamer in Nederland geskryf toe 'n groot muskiet hom lastig geval het. Nadat hy die muskiet doodgemaak het, het hy na bewering die reëls van dié gedig op 'n stukkie papier neergeskryf.

Die taalhistorikus Jaap Steyn skryf in sy boek *Ons gaan 'n taal maak* dat Keet se bundels *Gedigte* (1920) en *Verspotte gedigte vir verspotte kinders* (1931) Afrikaanse lesers lank bekoor het, en gedigte soos *Maar een Suid-Afrika* en *Ek hou van jou* het saam met die immergewilde *Muskiete-jag* volksbesit geword. Hy het eens gesê: "As ek net een reël in Afrikaans geskryf het, wat sal voortleef, is ek tevrede."

Keet kan voorwaar tevrede wees.

(Bron: Kraal Uitgewers)